UNIVERSITY EXAMINATIONS

UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# AFK1503

Oktober/November 2015

## AFRIKAANS VANDAG TAALKUNDE EN SKRIFTELIKE KOMMUNIKASIE

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

EKSAMINATORE

| | | |
|---|---|---|
| EERSTE | MEV A FOURIE<br>DR E LOMBARD | MEV L GRUNDLINGH |
| TWEEDE | MNR FWJ BROODRYK | |

Toeboekeksamen

Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 5 BLADSYE.**

**[BLAAI OM]**

Open Rubric

**BEANTWOORD AL DIE VRAE.**

**NOMMER ASSEBLIEF ELKE VRAAG EN ONDERAFDELING DUIDELIK EN KORREK**

# DEEL 1: LUISTER- EN LEESVAARDIGHEDE

## VRAAG 1

Gee 'n definisie van *Standaardafrikaans* en voorsien voorbeelde om enige standpunte te ondersteun (8)

## VRAAG 2

Lees die volgende teks en beantwoord die vrae wat daarna volg

***Mooierder assie son***

*Kois, jy's bitterlik mooi*
*mooierder assie eerste son*
*wat smoors orie dyne kom,*
*jy'sie strale oppe springbokooi,*
*ennie dou sit krale om jou se nek*
*Agtermirrag assie son wil watertrek,*
*is jy 'n gemsbok wat tenie dyne stryk,*
*ennie oudag isse kettankie koper*
*wat jy oor jou se skouerse hang*
*Ek raak virrie son nog meerderder lief*
*as jou se oge sos kwartels oor my vlieg*

(Uit *Boegoe virrie liefde*, Lapa Uitgewers)

2 1 Skryf slegs die regte antwoord langs die vraagnommer neer

2 1 1 Hierdie teks is 'n voorbeeld van (Swartafrikaans / Kaapse Afrikaans / Griekwa-Afrikaans) (1)
2 1 2 Die woord 'kois' beteken (mens / vroumens / kind) (1)

2 2 Vind sinonieme in die leesstuk vir die volgende woorde

2 2 1 erg (1)
2 2 2 smôrens / soggens (1)

2 3 Gee een voorbeeld van *assimilasie* wat in die bogenoemde gedig voorkom (1)

2 4 Hoe word die besitlike vorm in die gedig aangedui? (1)

2 5 Dink jy hierdie "tipe" Afrikaans is bekoorlik of minderwaardig? Hoekom? (1)

**VRAAG 3**

Wat beteken die begrip *implisiete taalkennis* (*implicit knowledge of language*)? Noem voorbeelde om jou definisie te ondersteun (5)

**VRAAG 4**

Wat beteken die begrip *intertekstualiteit* en beskou jy dit as belangrik om na intertekstualiteit op te let wanneer jy lees? (10)

**VRAAG 5**

*"'n Goeie metafoor het 'n 'skerpte', 'n oorspronklikheid, soos wat ons in Eben Venter se "my taal my spoeg" aantref"*
Verduidelik wat jy onder die begrip *metafoor* verstaan en wat die funksie van metafore is (5)
**[35]**

## DEEL 2: SKRIFTELIKE KOMMUNIKASIE

**VRAAG 1**

Skryf 'n paragraaf waarin jy enige 7 **inligtingskenmerke** (byvoorbeeld jou naam en van) noem wat by 'n **cirriculum vitae** (CV) ingesluit kan word (7)

**VRAAG 2**

Voorsien die volgende sinne van die nodige hoofletters en leestekens waar nodig

2 1 op die venster is 'n briefie wat lees maak asb die deur toe (4)
2 2 Ek het nog nie daardie rolprent gesien nie om die waarheid te sê ek vermy dit omdat dit soveel geweld bevat (4)
2 3 ek vra jou nie johan ek beveel jou om dadelik hierdie gebou te verlaat (5)

**VRAAG 3**

Skryf kort aantekeninge oor wat jy onder *styl* in die skryfproses (*writing style*) verstaan Lig toe deur van gepaste voorbeeldmateriaal uit die praktyk gebruik te maak (10)
**[30]**

## DEEL 3: GRAMMATIKA

**VRAAG 1**

Gee die fonetiese tekens vir

1 1 <ê> soos in ***sê*** en ***hê***
1 2 <g> soos in ***g**aaf* en ***g**rond*
1 3 <ui> soos in *dr**ui**we* en *st**ui**fmeel*
1 4 <oe> soos in *s**oe**t* en *g**oe**d* (4)

**[BLAAI OM]**

**VRAAG 2**

Wat is die betekenis van die volgende suffikse (agtervoegsels)? Jou opsies is

*soort persoon, iemand wat , sonder, soos*

2 1 -loos (blaarloos, betekenisloos)
2 2 -aard (luiaard, wreedaard)
2 3 -er (bakker, werker)
2 4 -agtig (kinderagtig, bosagtig)

(4)

**VRAAG 3**

3 1 Skryf die volgende sin oor en onderstreep die **onderwerp** *Die afgelope jaar was hongersnood 'n probleem*

(2)

**VRAAG 4**

Kies telkens die regte antwoord tussen hakies **Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer**, byvoorbeeld 3 1 simpleks

4 1 Die woord *bosagtig* is 'n (afleiding / samestelling / samestellende afleiding)
4 2 Die woord *werker* is 'n (afleiding / samestelling / samestellende afleiding)
4 3 Die woord *vierslaapkamerhuis* is 'n (afleiding / samestelling / samestellende afleiding)
4 4 Die woord *boekrakke* is 'n (afleiding / samestelling / samestellende afleiding)
4 5 In die woord *rolpuntpen* is 'rolpunt' die (kern / bepaler)
4 6 Die woord *vakansie* is 'n (simpleks / kompleks)
4 7 Die woord *nagmerrie* is 'n (simpleks / kompleks)
4 8 Die "er" in die woord *werkersklas* is 'n (premorfeem / verbindingsklank / bepaler / postmorfeem)
4 9 "Bring daardie boek vir my" Hierdie sin is 'n (stelsin / bevelsin / vraagsin)
4 10 "Ek geniet dit om rugby te speel " Hierdie sin is 'n (stelsin / bevelsin / vraagsin)
4 11 Die meisie luister musiek In hierdie sin is 'luister' die (onderwerp / gesegde / voorwerp)
4 12 "Jy moet die pakkie na middagete gaan oplaai" In hierdie sin is die gedeelte 'na middagete' 'n bywoordelike bepaling van (plek / wyse / tyd)
4 13 (Aandagstrepe / aanhalingstekens / aksentstrepe) word gebruik om aandag op die gedeelte na die leesteken te vestig
4 14 'Woordskepping' staan ook as (sintaksis / semantiek / morfologie) bekend
4 15 In die woord *dankbaarheid* is *-heid* die (stam / suffiks / prefiks)

(15)

**VRAAG 5**

**Lees die onderstaande teks en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

***Skole moet later begin oor tieners naguile is.***

1 *Skole moet later soggens begin omdat kinders tussen tien en 18 jaar oud biologies geprogrammeer is om "naguile" te wees*

2 *Hulle let baie moeiliker op as hulle nie laat kan slaap nie*

3 *So is bevind in navorsing wat volgens New Scientist in die VSA en Brittanje gedoen is en waarvolgens skole glo eers ná 08 30 of selfs 10 00 behoort te begin*

4 *Die Amerikaanse pediatrie-akademie (AAP) het onlangs gevra dat álle Amerikaanse skole voortaan 08 30 of later moet begin Net 15% van hul skole doen dit tans*

5 *Baie tieners kry volgens newscientist com te min slaap omdat hul biologiese "klokke" tydens puberteit verander en hulle beter funksioneer as hulle twee uur later gaan slaap en opstaan*

6 *Navorsing toon as hulle gedwing word om vroeg op te staan vir skool, veroorsaak dit meer motorongelukke, laer punte en groter risiko's van depressie, buierigheid en vetsug en meer tieners kom laat by skole*

7 *"Die voordele verbonde aan skole wat later begin, sluit in meer slaap, minder moegheid onder skoliere en verbeterings in akademiese prestasie, gesondheid, buie en veiligheid," het Judith Owens, direkteur van slaapmedisyne by die nasionale kindergesondheidsprogram in Washington DC en hoofskrywer van die AAP-beleidsvoorstel, gesê*

8 *Navorsing onder 9 000 leerlinge van agt skole wat in Februarie deur die Universiteit van Minnesota gepubliseer is, het getoon om later te slaap het gelei tot 'n verbetering in punte en 'n 65%-daling in motorongelukke by tieners*

(Fanie van Rooyen, 26 Augustus 2014, *Beeld*)

**VRAE.**

5 1 Waarom dink jy word aanhalingstekens by die woord "naguile" in paragraaf 1 gebruik? (1)

5 2 Wat is die doel van die aksentstrepe in paragraaf 3 en 4? (1)

5 3 Skryf **een woord** uit paragraaf 5 neer waarby die volgende definisie pas "*Lewensperiode waarin gelsagsrypheid begin en ontwikkel*" (1)

5 4 Gee die morfologiese struktuur van *kindergesondheidsprogram* (paragraaf 7) (4)

5 5 Haal 'n sinsnede uit die teks aan wat daarop dui dat dit voordelig is vir tieners wanneer skole later begin (2)

5 6 Wat dink jy beteken die term *naguil* in die konteks van hierdie teks? (1)

**[35]**

**TOTAAL: [100]**

©
Unisa 2015